



## Wat die wêreld nou nodig het

"What the world needs now," die woorde van ŉ eens gewilde liedjie, "is love, sweet love". Ongelukkig kerm ŉ soortgelyke liedjie dat ons almal na liefde soek, maar op die verkeerde plekke. Weet u waarvan ek praat? Omtrent almal van ons – ook ek en u – het ŉ diep innerlike behoefte aan ware liefde. Om iets so waardevol te vind, lyk na ŉ hersenskim.

Alte dikwels bly dit onbereikbaar.

Die heilige Skrif sê, "God is liefde"
(1 Johannes 4:8). Nie net dit nie - dit vertel ons ook dat die aarde se Skepper ŉ liefdesboodskap vir ons het, spesiaal vir hierdie "laaste dae" (1 Timotheus 3:1). Glo dit as u wil – sy eindtydboodskap kombineer die liefde en die wet
(Openbaring 14:12-14), omdat ware liefde geestelik is. Met ander woorde, die liefde behels meer as ŉ lekker warm gevoel wat niks beteken nie.

Elke nasie, regering, provinsie, stad en dorp het wette. Sonder wette heers daar chaos. Daar is egter een wet wat bo alle ander wetlike voorskrifte uittroon: die Tien Gebooie. Die groot verskil tussen die Tien Gebooie en ander wette is dat dit oorspronklik geskryf is – nie met ŉ pen, potlood, toetsbord of selfs hoëtegno stemherkenning-sagteware nie – maar met "die vinger van God"
(Exodus 31:18). Lees Exodus 20:1-17 vir die die volledige weergawe. Kom ons vat die Tien Gebooie in ŉ neutedop in eenvoudige Afrikaans saam:

1. Maak God die belangrikste persoon in u lewe.
2. Moenie mense of materiële dinge verafgod nie.
3. Eerbiedig God se Naam.
4. Hou die sewende dag (Saterdag) heilig.
5. Eer u vader en u moeder.
6. Moenie moord pleeg nie.
7. Wees getrou aan u huweliksmaat.
8. Moenie steel nie.
9. Moenie jok nie.
10. Moenie jaloers wees nie.

Dink net hoe dit sou wees as almal hierdie gebooie nagekom het. Daar sou geen diewe gewees het nie – ook nie reeksmoordenaars of selfs baasspeleriges nie. Daar sou geen nodigheid vir tronke, slotte of ŉ polisiediens gewees het nie. Wat van die Departement van Binnelandse Veiligheid? Nee, want daar sou nie terroriste, gekaapte vliegtuie of dodelike bomme gewees het nie. In plaas daarvan sou almal mekaar met menswaardigheid, vriendelikheid en respek behandel het. In so ŉ omgewing sou gesinne floreer, kinders sou veilig grootword en geluk sou elke hart verbly.

Kom terug aarde toe, dink u dalk, so iets kan nooit gebeur nie. Regtig? Raai wat. Ek weet dis moeilik om te glo, maar die Bybel voorspel dat dit wel eendag gaan gebeur. "Kyk, Ek maak alles nuut" (Openbaring 21:5), belowe God die Almagtige. Dis nie al nie. U kan vir ewig in daardie paradys woon – as u die regte keuse maak. Kom ek verduidelik.

Die geheim lê in ŉ antieke profesie oor Jesus Christus opgesluit. "Dit is sy naam waarmee Hy genoem sal word: DIE HERE ONS GEREGTIGHEID" (Jeremia 23:6). Die woord "geregtigheid", of die frase "om reg te doen", beteken eenvoudig om die Tien Gebooie – "die wet van die geregtigheid" (Romeine 9:31) – van harte te hou. Dis duidelik dat nie een van ons nog ooit daarin geslaag het nie. Inteendeel, "almal het gesondig"
(Romeine 3:23). Die goeie nuus is egter dat Jesus – in die uiterste liefdesdaad – amper tweeduisend jaar gelede die Tien Gebooie (kyk Johannes 15:10) vir ons en namens ons gehou het. Daarom is Hy nou "DIE HERE ONS GEREGTIGHEID".

Daar is egter slegte nuus wat ons nie kan omseil nie. "Die loon van die sonde is die dood"
(Romeine 6:23). Anders gestel, die goddelike straf vir die oortreding van die Tien Gebooie is die ewige verderf. Geregtigheid vereis dit. Daar is geen ontsnap-roete nie. Tog is daar nog goeie nuus. Aan die einde van sy aardse lewe het Christus op ŉ ruwe kruis vir ons sondes gesterwe (I Korinthiërs 15:3). Dit beteken Hy kan ons nou vergewe, ons skuld verwyder en ons skoon was!

Hou u van geskenke kry? My kinders, vyf en agt, hou beslis daarvan. Watter kind is nie mal daaroor nie? Luister nou mooi. God die Almagtige het ŉ gratis "gawe van geregtigheid" (Romeine 5:17) vir u. Dit kan u die "ewige lewe" (Romeine 6:23) besorg. As u gewillig is om u rug op die sonde te keer en in Jesus as Redder te glo, sal Hy in die plek van u sondes in sy hemelse rekordboeke (Openbaring 20:12) Christus se volmaakte gehoorsaamheid aan die Tien Gebooie skryf. "Onskuldig!" "Nie skuldig nie!" "Vergewe!" sal deur die Koning van die Heelal van u gesê word, ongeag watter misdade en sondes u gepleeg het. Dit bring ons terug na die universele soeke na ware liefde.

Hierdie verhaal stel dit so mooi: ŉ Roekelose tiener het eendag ŉ heftige woordewisseling met sy pa gehad. Sy laaste woorde by die deur uit, was "Ek waai! Julle sien my nóóit weer nie!" Die seun het gedink hy sou op sy eie regkom, maar na drie moeilike jare het hy berouvol aan die huis begin dink. Sal my pa my terugvat? Hy was bang. Twee dae later het hy genoeg moed bymekaargeskraap om sy ma te skakel. "Ma, praat asseblief met Pa. Sê vir hom ek sal volgende Maandagmiddag met die trein naby ons huis verbyry. Vra hom om iets wit op die stoep te hang as hy wil hê ek moet terugkom. As ek iets wit daar sien, sal ek huis toe kom." Toe lui hy af.

Op daardie Maandagoggend klim ŉ bekommerde tiener op die trein en sit toevallig langs ŉ predikant. "Hoekom is jy so senuweeagtig?" wil die predikant weet. Hy hoor toe die hele toedrag van sake. "Dominee," sê die seun, "as ons om die volgende draai gaan, sal u asseblief by die venster uitkyk na die huis bo-op die heuwel? Dit is my huis. As u enigiets wit sien, sê vir my. Ek is bang om te kyk!"

Toe die trein om die laaste draai gaan en die predikant deur die venster kyk, vergeet hy skoon sy amptelike waardigheid. Hy spring op en skree, "Kyk, Seun, kyk!" Toe hy sy oë oopmaak, sien die seun sy huisie op die heuwel heeltemal wit van elke wit laken, wit kombers, wit handdoek, wit deken, wit tafeldoek, wit servet en wit sakdoek wat sy ouers besit het. Ai, hoe lief was hulle nie vir hom nie! Hoe graag wou hulle hom weer by die huis terugverwelkom! Die laaste sien van die seun was die agterkant van sy bene terwyl hy teen die heuwel uithardloop, oor die stoep, deur die wit lakens en in die wagtende arms van sy eensame ouers.

Liewe Leser, Jesus het u lief en wag vir u om ook huis toe te kom. Kom tot inkeer, versaak die sonde en vertrou Hom as u Verlosser. As u dit doen, omvou Hy u met sy eie vlekkelose "mantel van geregtigheid" (Jesaja 61:10), sy "wit klere" (Openbaring 3:18) van volle vergifnis, ongeag u slegte verlede. Hy belowe om dit te doen (1 Johannes 1:9). U kan Hom vertrou.

Die lied wat aangehaal is, kan só vertaal word – "Ek het vir liefde in al die verkeerde plekke gesoek." Dit gaan dan aan, "Jy het aan die deur van my hart kom klop. Jy is alles waarvoor ek gesoek het." Hierdie woorde kan waarlik net van Jesus Christus, u Verlosser, gesê word.

Hy is God se liefdesgawe aan u.
Deur die gawe van God se geregtigheid – wat alleenlik oortreding van die Tien Gebooie kan dek – kan u die "ewige lewe" beërwe. Daar kan slegs liefde heers (Openbaring 21:4,5).

Die groot vraag is: Sal u tot inkeer kom en daardie geskenk aanvaar of nie?

---

Skrifaanhalings kom uit die Bybel in Afrikaans, 1953.
© Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1953.
Gebruik met toestemming.

Voorblad ©www.iStockphoto.com/Evgeny Terentev

GEE LIG AAN ONS WÊRELD

**Meer oor hierdie onderwerp**

Kyk na: www.hopetv.org/glow

HopeChannel Kyk Hope-Kanaal op u TV
0860-467-388

**Vir gratis Bybelstudies en leesstof, kontak:**

E-pos: info.glowsa@gmail.com
Tel: (011) 616-6800
GLOW, Posbus 75700, Garden View 2047, RSA
**africa.glowonline.org**